29 MAART 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | PALMSONDAG | MATT. 21:1-10



"VERRAS DEUR DIE MAN OP DIE GELEENDE DONKIE..."

– DENISE ACKERMANN

# GROOT LYDENSWEEK

**Groot Lydensweek begin met Palmsondag waar Jesus se toetrede in Jerusalem herdenk word**. Die uitgooi van die volgelinge se bo-klere & palmtakke terwyl Jesus op 'n donkie-vul die stad binne ry word in herinnering geroep. Christene wêreldwyd neem op een of ander manier hulle eie kruise op, al is dit simbolies in die vorm van 'n tuisgemaakte palmkruisie - om hulle opnuut te verbind aan Jesus se lyding in die laaste week. Donderdag is die dag waarop Jesus sy dissipels se voete gewas het & waarop hulle vir oulaas die Pasga gevier het (**Wit Donderdag - in die kapel om 18:30**). Vrydag herdenk ons die kruisiging van Jesus (**Goeie Vrydag om 09:00 Agter-Paarl**), en Saterdag word genoem Stil Saterdag. Op dié dag is christene wêreldwyd in stilte bewus van Jesus wat in die graf is. Sondag verander die toon van christene se emosies wanneer hulle die opstanding van Jesus met blydskap vier (**Opstandingsondag in Toringkerk om 09:30**).





# APRIL EREDIENSTYD

Kan jy glo dis alweer amper April maand. Die jaar is vinnig aan die beweeg en met April verander ons eredienstye weer vir die wintermaande.

**Eredienste begin van April af om 09:30.**

Maak sommer nou al 'n nota daarvan. Ons sal weer volgende week hieraan te herinner.

# GOEIE VRYDAG DIENS

Ons gemeente is al vir baie jare deel van 'n samewerkingsooreenkoms met Strooidak en Paarl-Vallei om die Goeie Vrydag diens te roteer. In die laaste paar jaar het Agter-Paarl Gemeente ook bygekom.

**Hierdie jaar is die Goeie Vrydag diens op 3 April by Agter-Paarl Gemeente om 09:00.**

Die Opstandingsondag diens op 5 April is weer in Toringkerk om 09:30.

AGTER-PAARL GEMEENTE

Paarl-Vallei

strooidak

TORINGKERK

*Goeie Vrydag*
*3 April 2026*

**Gesamentlike diens**
**9:00**
by
Agter-Paarl Gemeente



# GROOT LYDENSWEEK

7 Gewoontes vir Lydenstyd | Gewoonte 7: Gebruik simbole

## PALMSONDAG

Pluk 'n blaar, sing lofliedere en lees oor Jesus se intog in Jerusalem. Matt 21:1-11

## MAANDAG

Maak 'n kruis en deel wat Jesus se kruis vir jou beteken.

## DINSDAG

Doen iets gaaf of diensbaar vandag en lees oor voetewas in Joh 13:1-17.

## WOENSDAG

Maak 'n slaai of voorgereg met olywe en bid vir mekaar.

Matt 26:36-46

## DONDERDAG

Hou piekniek met hot cross buns en sap soos Jesus se laaste ete.

Matt 26:26-30

## GOEIE VRYDAG

Braai vis en soek op die internet na die betekenis van ICHTUS.

Lees Matt 26:36-46

## SATERDAG

Maak 'n tuintjie en dink aan begrawe en nuwe lewe. Deel dit waaroor jy dankbaar is.

## PAASSONDAG

Hou skattejag - hol paaseiers herinner ons aan die graf wat leeg is.

Joh 20

# PEET VERJAAR

Hierdie Dinsdag, 31 Maart, is dit Peet se 2de verjaarsdag by Toringkerk.

Peet, ons wil vir jou baie geluk wens en ons hoop dat die dag en die jaar vol bederf en goeie verrassings gaan wees. Dankie vir jou rol in die gemeente en die mens wat jy is. Ons waardeer jou regtig baie en is dankbaar om geseën te wees met jou gawes in ons geloofsfamilie.

Soos Peet altyd sê “Peace be with you”. And also with you, Peet!





# ONS KOSTER, JOHAN, VERJAAR

Johan van Rhyn, ons koster, verjaar Woensdag, 1 April en is sy 1ste verjaarsdag by Toringkerk.

Johan, ons waardeer jou agter-die-skerms-werk en jou menswees ongelooflik baie. Dis ‘n voorreg om jou deel van die span te hê en lekker om saam te kan werk in ons gemeente. Mag die dag en jaar vir jou goed wees en mag jy die Here se seën elke dag ervaar! Baie geluk!

# MARKIETIE

Ons het ons eerste Markietie vergadering gehad vir 2026 en is baie opgewonde en vol energie om dit weer ‘n ongelooflike gemeente-geleentheid te maak!

Indien jy belangstel om betrokke te raak of idees het wat kan help, kom asb na ons volgende vergadering toe:

**20 April 2026**
**Toringkerk bo-saal**
**18:00**

Ons gaan al julle hande nodig hê om te help maar *watch this space*!



## TORINGKERK

# WYNVEILING & WYNPROE

### MET WICUS VAN DER MERWE




**KRY JOU KAARTJIES AANLYN | WWW.TKMARKIETIE.CO.ZA**

**KONTANT KROEG BESKIKBAAR | BRING EIE EETGOED**

# GENOMINEERDE GR-LEDE

Ons het 2 mense wat genomineer is vir die Gemeenteraad:

**Hennie Fourie** is gedoop en het belydenis afgelê in Toringkerk. Hy is getroud met Karien en het 2 kinders, Katryn en Lukas. Hy is een van die stigters van ons Markietie en vat elke jaar nog vas om dit 'n sukses te maak.

**Ryno de Kock** was lidmaat in Franschhoek vir so 3 jaar en is nou al 2 jaar in Toringkerk. Hy is getroud met Hettian en het 2 kinders, Sylvi en Ruben. Hy is tans besig met sy BTh in teologie by Hugenote Kollege.








# WYNVEILING SKENKINGS

Op 8 Mei is dit weer ons wynveiling en ons is baie opgewonde om weer hierdie geleentheid te vier. Ons vra vir lidmate om asb te oorweeg om 'n ***voucher* of geskenk** te gee vir die veiling. Ons waardeer dit ongelooflik baie.

***Kontak vir Gert (0836299267) of een van die leraars indien jy 'n skenking kan maak.***


# THE CHOSEN

Ons gaan weer ***The Chosen*** reeks saam kyk as gemeente. *The Chosen* gee ons die geleentheid om die Evangelie op 'n vars manier te sien en Jesus se liefde, lewe en lyding te herontdek.

Ons kyk een episode elke Sondagaand en gesels dan daaroor daarna.

**Sondae 17:30-19:30 in die kerk.**
**Eerste byeenkoms is 12 April.**

***Enige navrae of vir meer inligting kontak vir Marissa (0834130119), Jozef (0823015063) of Jana.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**2 APR** — **WIT DONDERDAG**
TORINGKERK| 18:30



**3 APR** — **GOEIE VRYDAG**
AGTER-PAARL | 09:00




**5 APR** — **OPSTANDINGSONDAG**
TORINGKERK | 09:30



**12 APR** — **THE CHOSEN BEGIN**
TORINGKERK | 17:30-19:30



**8 MEI** — **WYNVEILING**
TORINGKERK SAAL| 18:00



**14 MEI** — **HEMELVAART`**
TORINGKERK | 18:30

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 Mrt | Elzette Horne | 30 Mrt | Juan Mulder | 31 Mrt | Danielle Van Rooyen | 2 Apr | Michael Delport |
| 29 Mrt | Albertus le Roux | 30 Mrt | Christiaan Visser | 31 Mrt | Johanna Visser | 2 Apr | Margaretha Du Toit |
| 29 Mrt | Sarah le Roux | 31 Mrt | Maggie Bester | 31 Mrt | Elsje Walters | 2 Apr | Stefan Hayman |
| 29 Mrt | Mariska Mans | 31 Mrt | Peet Bester | 1 Apr | Celesté de Beer | 2 Apr | Eddy Orsmond |
| 29 Mrt | Rossouw Neethling | 31 Mrt | Amanda Brink | 1 Apr | Elsa Hanekom | 2 Apr | Anika Pieterse |
| 29 Mrt | Melt Viljoen | 31 Mrt | Louise Human | 1 Apr | Sippie Henning | 2 Apr | Silvia Smith |
| 29 Mrt | Adel Visser | 31 Mrt | Aletta Jonker | 1 Apr | Chris Pretorius | 3 Apr | Mia Savage |
| 30 Mrt | Melanie Bester | 31 Mrt | Zoe le Roux | 1 Apr | Simoné Scholtz | 3 Apr | Rene Senekal |
| 30 Mrt | Oubaas Carstens | 31 Mrt | Saretha Maritz | 1 Apr | Mario Toerien | 4 Apr | Mientjie Jacobs |
| 30 Mrt | Emma Du Toit | 31 Mrt | Franni Page | 2 Apr | Colette Brink | 4 Apr | Marie Van Zyl |

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Geen Kinderkleingroepe hierdie Sondag.  Geniet die vakansie

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

Geen KruisConnect hierdie Sondag nie. #Imagine 28-30 Maart 2026

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk weer die 14 April om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 29 Mrt**
Matt. 26:36-46

**MAANDAG, 30 Mrt**
1 Joh. 2:12-17

**DINSDAG 31 Mrt**
Joh. 12:23-36

**WOENSDAG, 1 April**
Ps. 56

**DONDERDAG, 2 April**
2 Kor. 5:13-17

**VRYDAG, 3 April**
Matt. 16:24-26

**SATERDAG, 4 April**
Rom. 6:3-11

**SONDAG, 5 April**
Matt. 28:1-10

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE  DEURKOLLEKTE : JAN KRIEL

JAN KRIEL INSTITUUT het ontstaan uit die kerk se sorgsame betrokkenheid by die geskiedenis van Jan Krielskool (sedert 1937). Die Instituut is 'n kerkgebaseerde organisasie en onafhanklike NPO. Dit fokus op die koestering en bestuur van die netwerk van ondersteuning vir die kinders van Jan Kriel Skool deur bewusmaking en die insameling van fondse vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes.

Skenkers en donateursvriende speel deur die Instituut 'n onontbeerlike rol om hierdie kinders 'n kans te gee om te ontwikkel en sukses te behaal. Die Instituut bestuur en ontwikkel ook die bates van Jan Kriel. Die befondsing word toegeken volgens 'n samewerkingsooreenkoms met die beheerliggaam van Jan Krielskool.

# KALENDERBORG: MAART

FARMWISE Cape
QUALITY FRESHNESS
Johan & Zùleka Smit
082 657 5200
021 875 5943
johan@farmwisecape.co.za
farmwisecape.co.za
R44 en route to Stellenbosch, Bronkhorst Farm 6/748, Klapmuts 7625

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

**RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:**
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.